

**Maandag 16 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:9-11**

**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:11**

# Help mekaar en bou mekaar op in hierdie tyd

Christene lewe as kinders van die lig (1 Tess. 5:4-8). Tydens die wederkoms van die Here Jesus Christus hoef gelowiges nie bang te wees nie, want God se doel is nie om hulle te veroordeel nie. Hulle sal verlossing deur Jesus Christus ontvang. Die verlossing kom gelowiges toe wat al gesterwe het of wat nog lewe tot by sy wederkoms.

Met hierdie woorde moet gelowiges met die oog op die wederkoms mekaar troos en opbou. Om te troos, kom daarop neer dat iemand anders gehelp word in die krag van die Heilige Gees (vgl. Rom. 15:19). Die Heilige Gees is immers ons “Voorspraak” of “Trooster” by die Vader.

Paulus moedig elke gelowige aan om by te dra tot die geestelike opbou van die geloofs-gemeenskap waarin hy staan. 'n Bouery is nie iets wat eensklaps gebeur nie, maar dit is 'n proses waarby talle insette en werk betrokke is. Dieselfde gebeur as gelowiges geroep word om mekaar op te bou. In die proses van opbou dra gelowiges saam aan mekaar se laste, hulle is saam bly oor suksesse wat behaal word, en alles gebeur tot seën van me-kaar.

Ons as gelowiges vandag moet ook daarmee volhou om ander te help en hulle op te bou. Gelowiges is van mekaar afhanklik. Die bouwerk het met al die onderlinge verhoudings te doen waarin die geestelike karakter daarvan ook 'n rol speel. Doen jou deel van die bouwerk. Dit is bowenal die ware werk van God en Jesus Christus.

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 4, 5*

*Dr. Jan Lion-Cachet (Klerksdorp)*